

HOOFSTUK 5

DIE KINDERWETSKOOL AS SOSIOPEDAGOGIESE VERSORGINGS- INRIGTING

5.1 Inleiding

Omdat alle leerlinge wat in kinderskole opgevoed word inrigtingsgebonde is, kan die kinderskool gesien word as 'n samelewing in die klein. Daarmee word nie bedoel dat die kind in die kinderskool geïsoleer van die breër samelewing opgevoed word nie, maar slegs dat daar geen dagskole in kinderskole is nie. In die tweede plek kan die skool op die benaming 'versorgings-inrigting' aanspraak maak, aangesien alle lewensmiddele gratis deur die skool (staat) aan die kind verskaf word. (Volledigheidshalwe moet net genoem word dat ouers wat die finansiële vermoë daartoe het, wel kontribusie betaal by die landdroskantoor waar die kind gekommitteer is en sodoende regstreeks bydra tot die koste van hul kinders se opvoeding.)

In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na die sosiopedagogiese taak van die kinderskool wat, soos uit bogenoemde afgelei kan word, oor 'n breër front strek as wat die geval by die gewone skool is. Na kommittering is die kinders (behalwe vir die leerlinge wat vakansies kan huis toe gaan) voltyds in die sorg van die personeel en die ouer het byna geen aandeel meer aan die verdere opvoeding van die kind nie.

Daar sal verder stilgestaan word by die voor- en nadele van inrigtingsversorging as substituuat vir gesinsversorging en die doelstellings van die kinderskool sal uitgelig word. Die breë organisasie en die aandeel van die leerlinge in uiteindelijke beleidmaking sal toegelig word asook akademiese sowel as na-uurse aanbiedinge en nie-kurrikulêre bedrywighede. Daar sal veral aangetoon word hoedat dit wat die skool aanbied 'n bydrae lewer tot die gereedmaking van die leerling om 'n waardige plek te kan inneem in die samelewing hierna.

5.2 Die sosiopedagogiese taak van die kinderwetskool

Die mens is ontologies sinsoekend en singewend. Die mens het die vermoë om sin en betekenis aan dinge te gee. Dit beteken om mens te wees is om in verhouding te tree met die bestaande wêreld. Deur hierdie verhouding waarin hy tot die leefwêreld toetree, het die mens verder die vermoë om in sy wêreld in te gryp, dit te verander en dit vir hom bewoonbaar en aanvaarbaar te maak. Terwyl die mens sy wêreld verander, is hyself ook besig om te verander, of anders gestel, om aan te pas by die leefwêreld.

Aanpassing by die kind is afhanklik van opvoeding. Opvoeding tot aanvaarbaarheid vir die samelewing kan slegs binne 'n samelewing geskied. Opsommend kan dus gesê word dat die volwassene in die samelewing die onvolwassene moet begelei op sy pad van sosialisering. Dit is die tema van die sosiopedagogiek as selfstandige deelwetenskap van die algemene pedagogiek (Gresse, 1970 : 26–7).


Die skool het dus die taak om die kind te sosialiseer, respektiewelik op te voed tot saamlewe teen die raamwerk van die reeds bestaande, georganiseerde funksionerende samelewing. Die kind moet dus deur die skool voorberei en gereed gemaak word vir 'n aanvaarbare en funksionele staanplek in die breëre gemeenskap.

Om hierdie ideaal te bereik moet die kind in die skoolsituasie, die "gemeenskap in die klein" geleer word:

- (a) om die wêreld te sien as produk van gesamentlike menslike arbeid en dit as sodanig te respekteer en te bevorder;
- (b) om deel te word van die sosiale organisasie;
- (c) om die leefreëls (norme) van die organisasie te eerbiedig en uit te leef; en
- (d) om die sosiale waardes van die organisasie na te streef (Pretorius, 1981 : 65–6).

Daar moet egter op gewys word dat die sosialisering van die kind sy beslag kry in die huisgesin (kyk par. 3.2) en dat dit in die samelewing voortgesit word. Dit is dus nie net die skool wat 'n sosiopedagogiese taak het nie. Pistorius (1971 : 35) sien die sosiopedagogiese funksie van die skool as 'n brug tussen

die huisgesin en die samelewing wat skematies soos volg voorgestel kan word:



(Oorgeneem uit Pistorius, 1970 : 35)

By die kinderwetskool is die sosialisering van die kind vir die na-skoolse lewe soveel meer prominent omdat die sosiopedagogiese taak met betrekking tot die opvoeding van die kind tot die volwasse lewe byna uitsluitlik die taak van die skool is. As in ag geneem word dat in die voorgeskiedenis van kinderwetskoolkinders die sosialiseringsproses so dikwels gebrekkig plaasgevind het of deur probleme, soos in hoofstuk twee bespreek, skeefgetrek is, is dit verstaanbaar waarom daar in baie gevalle 'n laagwaterbrug is wat oorstrom is, en wat eers afgetakel moet word voordat 'n hoogwaterbrug in sy plek gehou kan word.

5.3 Doelstellings van die kinderwetskool

Die onderstaande doelstellings van die kinderwetskool is geformuleer aan die hand van die "Professionele handleiding" wat deur die Departement Nasionale Opvoeding vir kinderwetskole opgestel is (D.N.O., 1982 : 36 e.v.).

Die taak van die kinderwetskool omvat dit wat normaalweg die afsonderlike en gesamentlike taak van die ouers, die skool, die kerk en die gemeenskap is. Dit impliseer dat doelstellings beslis nie deur klaskameraktiwiteite alleen bereik kan word nie.

(i) Algemene doelstellings

- Om aan die kind 'n christelike Skrifgefundeerde opvoeding te gee wat die leerling tot insig in sy menslike natuur, sy wêreld en sy christelike eindbestemming sal lei.
- Om aan die leerling onderwys te bied met 'n breë nasionale karakter wat tot nasionale trots, vaderlandsliefde, loyaliteit en internasionale perspektief sal lei.
- Om elke leerling volgens sy eie aanleg, belangstellings en behoeftes, en behoeftes van die land te onderrig. Die opvoeding moet dus gerig wees op beide die behoeftes van die individu en die behoeftes van die gemeenskap sodat die leerling sy volle potensiaal as individu en as lid van die gemeenskap sal bereik.

(ii) Onmiddellike doelstellings

- Om 'n atmosfeer in die skool, die gemeenskap-in-die-kleine, te skep waar die kind tuis, gelukkig en nuttig kan voel en voel dat hy aanvaar word sonder voorbehoud.
- Om die kind te lei na selfbegrip, selfbeoordeling, die opbou van 'n positiewe selfbeeld en die aanvaarding van verantwoordelikheid op sy weg na onafhanklikheid.
- Om die leerling akademies te onderrig totdat hy skolasties sy plafon bereik het of gereed sal wees vir verdere onderrig deur na-skoolse instansies.
- Om deur inrigtingsdisipline die kind te lei tot selfdisipline en gesonde menseverhoudings.
- Om gesonde en heilsame vryetydsbesteding by die leerlinge tuis te bring.

(iii) Die einddoel

- Om 'n opgevoede, sosiaal-aangepaste en selfversorgende burger terug te plaas in die gemeenskap of vir verdere opleiding beskikbaar te stel.

5.4 Inrigtingsversorging

Die waarde en betekenis van die ouerhuis is reeds in hoofstuk drie (kyk par. 3.3) omskrywe en beklemtoon. Kinders word ook nie sonder meer uit gesinsverband verwyder en in kinderinrigtings geplaas nie, maar na 'n grondige ondersoek en slegs as bevind word dat verdere verblyf in die gesin skadelik sal wees vir die opvoeding van die kind. Die ouerhuis, al is daar hoe baie gebreke ten opsigte van opvoeding, kan nooit werklik vervang word nie. Inrigtingsversorging kan hoogstens 'n tydelike substituuat wees vir gesinsversorging (Strydom, 1973 : 19). Goldstein et al (1980 : 5) stel dit prominent: "As long as a child is a member of a functioning family, his paramount interest lies in the preservation of his family."

Daar is voordele sowel as nadele verbonde aan inrigtingsversorging wat hieronder van naderby beskou sal word.

5.4.1 Voordele van inrigtingsversorging in die kinderwetskool

(i) Liggaamlike en algemene *fisiese versorging* geniet voorrang in die kinderwetskool. Dit laat kwalik enige twyfel dat die kind in die inrigting beter fisiese versorging geniet as wat tuis, te midde van finansiële nood wat kenmerkend is van die gesinne van die meerderheid sorgbehoewende kinders, moontlik sou wees. Liggaamlike gesondheid, 'n gereelde en gebalanseerde dieet en voldoende klere van goeie gehalte geniet voorrang, afgesien van koste (die staat voorsien ruimskoots hiervoor). Fisieke bedrywigheid en bedrewenheid word bevorder deur 'n verskeidenheid van doelgerigte programme, met gekoördineerdheid en fiksheid as gesogte eindresultaat (Jonker, 1973 : 53).

(ii) Die leerling is voltyds in die sorg van belangstellende en ervare opvoeders onder *omstandighede wat gunstig is vir opvoeding*, en kontroleerbaar is. Daar is dus voortdurend geleentheid om opvoedende bemoeienis met die leerling te maak.

(iii) 'n *Veilige heenkome* word in die inrigting gebied aan leerlinge wat andersins haweloos sou wees omdat niemand in die gemeenskap kans sien om ver-

antwoordelikheid vir hulle te aanvaar nie.

(iv) Leerlinge wat hulself deur hulle optrede vir die gemeenskap onaanvaarbaar gemaak het, kry die geleentheid om onder gunstige omstandighede 'n nuwe begin te maak. Dié wat uit die huisgesin verwyder is deur die toedoen van hulle ouers, se opvoeding word voortgesit onder beter omstandighede en deur meer bevoegde persone.

(v) In die inrigting word die leerling deel van 'n *homogene portuurgroep* van sy eie geslag en leeftydswyde. Hy besef baie gou dat hy nie alleen staan ten opsigte van sy probleme nie. Hy sien hoe ander lede van die groep die probleem hanteer en beleef bemeestering saam met hulle. In die proses ontvang hy hulp van medeleerlinge en word ook in 'n posisie geplaas waar hy hulp aan andere kan verleen. Goeie intermenslike verhoudinge word hierdeur bevorder en die positiewe druk van die portuurgroep dra baie daartoe by om enige wenslike verandering te versnel en vir die leerling gemotiveerd-aanvaarbaar te maak.

(vi) Die swak gedissiplineerde leerling met lae morele standaarde en waardesisteem kom in die inrigting in aanraking met *godsdienslike sedelike leefwyse* en 'n verhewe waardesisteem word beklemtoon. Hy leer om by 'n bepaalde roetine en reëlmaat, strenge inrigtingsdissipline en 'n algemene ordelike leefwyse aan te pas. Verantwoordelikheid van sy eie woonkamer en die koshuis in geheel, word aan hom opgedra. Dit leer hom om in 'n span te trek en 'n gemeenskaplike doelwit na te streef, naamlik die netheid van *ons* koshuis. Die nuwe norme en lewenswaardes waarmee hy hier kennis maak, word gaandeweg tot sy eie verwerk.

(vii) In die kinderskool word vir deprivasie vergoed deur 'n *stimulasieprogram* wat in die ouerhuis ontbeet moes word, en wat baie ouers in elk geval nie kon bied nie: kultuur en sportbedrywighede, vrye assosiasie met gebalanserde volwassenes van aansien (opvoeders) en algemene verbreding van die ervaringsveld op wye vlak. Hierdie stimulasie geskied nie maar willekeurig nie, maar word doelbewus en doelgerig beplan en aangevul.

(viii) Geleenthede word geskep vir die gunstige kennismaking en *inskakeling* by die *breë gemeenskap* (kyk par. 5.5.2.7), geleenthede om in die gemeenskap te presteer en diens te lewer, geleenthede om daar erkenning te geniet en aanvaarding te smaak en 'n nuwe benadering en beskouing word ontwikkel. Wie vroeër moontlik as 'n bedreiging en as vyand beleef is, word so as vriend en vennoot leer ken.

(ix) Insekuriteit as gevolg van 'n nomadiese bestaan en wispelturige opvoeding word deur die inrigting vervang met 'n *gestruktureerde konsekwente opvoedingsmilieu*. Dit bring bestendigheid en sekuriteit vir die kind mee.

(x) Die leerling wat daartoe in staat is, kry die *geleentheid tot leierskap* en kan dit binne die groep beoefen op 'n wyse wat verrykend is vir die persoon self, en as voorbeeld strek vir die ander lede van die groep (D.N.O., 1982 : 19–21 en Jonker, 1973 : 53–54).

5.4.2 Moontlike nadele van inrigtingsversorging

(i) *Gebrekkige individualisering* word deur verskeie navorsers genoem as 'n leemte by inrigtingsversorging. Van Rooyen (1956 : 47) meen dat dit in 'n huisgesin, waar slegs enkele kinders is, al moeilik is vir ouers om aan elke kind te dink as 'n unieke persoon; hoe moeilik sou dit dan nie wees om in die inrigting met sy groot getalle aan elke leerling individuele aandag te skenk nie. Jonker (1973 : 54) sluit hierby aan as ook hy gebrekkige individualisering as 'n tekortkoming van inrigtingsversorging beklemtoon. Goldberg en YOUNIC stel dit onomwonde: "The institution is a reality whose organisational needs place individuals in the background. In reality the institution is a microcosmic society which grossly affects the total behavior of the people who comprise it by systematizing their individualized life patterns into organized uniformities (1969 : 12).

(ii) *Die gemis aan affektiewe verhoudings*. Die verhouding tussen gesinslede is een van affiniteit; daar is bloedbande. Die ou gesegde van 'bloed is dikker as water' is dikwels al aan kinderskole korrek bewys. Ten spyte van wrywings en selfs patologiese toestande wat mag voorkom, het die onderlinge verhoudings in 'n huisgesin 'n saambindende krag wat nie altyd begryp of verklaar kan word

nie en sal kinders hul ouers, broers en susters verdedig ongeag hoe sleg hulle ookal mag wees.

Al is die inrigting hoe goed georganiseer en verhoudings tussen personeel en kinders hoe gesond, sal daar vir die individuele leerling die gemis aan affektiwiteit in sy intermenslike verhoudings in die inrigting wees, wat selfs in die slegste gesinsomstandighede teenwoordig is (Jonker, 1973 : 56--7).

(iii) *Geslagskeiding in kinderskole.* In die kinderskole word seuns en dogters in aparte skole opgevoed (vgl. par. 3.5.2). Dit is baie moeilik om normale seun/dogter-verhoudings in hierdie inrigtings tot sy reg te laat kom. Voortspruitend hieruit is die homoseksuele neigings wat leerlinge soms in die kinderskole openbaar. Die professionele handleiding van kinderskole (1982 : 28) sê dat sulke ontwikkelings in die skole toegeskryf moet word aan geslagskeiding in die inrigting omdat dit baie onwaarskynlik is dat so 'n negatiewe aanpassing in die heteroseksuele samelewing sou plaasvind.

'n Ondersoek deur Schneider en Coutts (1982 : 906) in vyf gemengde hoërskole, vier seunskole en vier dogterskole in die V.S.A., het aan die lig gebring dat adolessente opvoeding in gemengde skole verkies. "In conclusion, this investigation has confirmed what has long been thought to be true, but rarely subjected to systematic examination — that important differences exist between the social psychological environments of mix-sex and single-sex high schools. Co-educational schools are perceived by most students as having more pleasant atmospheres — both in terms of attending to the social-emotional desires of their students and minimizing the necessity of control and discipline."

In Suid-Afrika sal waarskynlik dieselfde bevind word maar, soos reeds in hoofstuk drie uitgewys, is daar goeie redes waarom kinders in kinderskole in aparte inrigtings opgevoed word en kan daar slegs probeer word om te kompenseer.

(iv) *Gedwonge toelating.* Die bewering dat leerlinge onder dwang na kinderskole verwys word, is waar. Die meerderheid leerlinge sien ook hulle kommittering as 'n straf wat inperkend van aard is. Hierdie feit is baie nadelig vir

die verdere opvoeding van die kind as daar nie onverwyld aandag aan geskenk word nie.

Onmiddellik na toelating gaan 'n nuwe leerling na die hoof en sielkundige vir onderhoude. Hier word hy verwelkom en die voordele van die plasing vir homself word beklemtoon. Dit word duidelik aan hom gestel dat hy onvoorwaardelik aanvaar word en dat negatiewe gebeure uit die verlede nie teen hom gehou sal word nie en dat die skool slegs belangstel in positiewe hulpverlening met die oog op sy toekoms.

Dit moet egter onthou word dat om die saak reg te stel meer verg as 'n poging tot logiese oorreding deur 'n tweede persoon; dit is die leerling self wat tot nuwe insig moet kom. Kundige verwerking deur die kenner saam met die leerling van die werklike motiewe agter sy weerstand, gerugsteun deur die algemene terapeutiese opset in die skool, kan daarin slaag om die voordele van inrigtingsversorging vir die leerling te ontsluit en toeganklik te maak (D.N.O., 1982 : 31–2).

(v) *Onbuigsame roetinerings*. Om die organisasie van 'n inrigting waar 'n groot getal mense saam woon en saam werk, vlot te laat funksioneer, is dit noodsaaklik dat daar reëls en roetine sal wees. Forman (1971 : 47) skryf hieroor soos volg: "Most residential institutions share common problems. Their sheer size and the pressure to manage large numbers of residents economically and efficiently encouraged the use of prescribed undifferentiated programs and procedures."

Die hoofbeswaar wat geopper word teen inrigtingsversorging is gemik teen die sogenaamde tradisies wat in gevestigde inrigtings posgevat het. As 'n tradisie voorafbepaalde optrede vir elke gebeurlikheid met sekerheid voorskryf, verontagsaam dit individuele verskille en omstandighedsveranderlikes en dien dit slegs die inrigting. Die doel van die kinderskool is nie die bereiking van gelykvormigheid van alle leerlinge nie, maar juis die bevordering van die unieke potensialiteite van elke leerling. Die kinderskool moet dus voortdurend versigtig wees met die aanwending van massamethodes wat neig om individuele beplanning vir leerlinge onnodig en selfs onmoontlik te maak.

5.5 Die kinderwetskool


Deur die jare heen het daar 'n stigma aan kinderwetskole (nywerheidskole) gekleef wat hierdie skool as 'n "strafskool" wou brandmerk, maar die skole het ook deur die jare heen bewys gelever dat hulle eerder gesien moet word as "hulpsentrums" vir sorgbehoewende kinders wat verlore sou wees, sou die staat nie ingegryp het om hulle uit nadelige omgewings te verwyder en in kinderwetskole te plaas vir verdere opvoeding nie. Die mate van sukses wat die skole behaal, sal in hoofstuk sewe onder die soeklig kom. In die volgende paragrawe sal na die kinderwetskool, soos hy vandag funksioneer, gekyk word en daar sal aangedui word wat vir die sorgbehoewende kind in sy op-weg-wees na volwassenheid gedoen word – veral in sosiopedagogiese perspektief.

5.5.1 Die personeel

As gevolg van die uiteenlopende aard van die behoeftes van die leerlinge en die verskeidenheid van pligte wat daarmee gepaard gaan, word die personeelsamestelling van die kinderwetskool deur heterogeniteit gekenmerk; heterogeen in die opsig dat mense van uiteenlopende agtergrondservaring en kwalifikasies in een personeel met 'n gemeenskaplike taak saamgetrek word. Daar kan onderskei word tussen doserende personeel, toesighoudende personeel (koshuise) en administratiewe personeel.

Diagrammaties kan die personeelsamestelling soos volg voorgestel word:

PERSONEELSAMESTELLING VAN 'N KINDERWETSKOOL(HOËRSKOOL)



Kwalifikasies van doserende personeel aan die sewentien betrokke Suid-Afrikaanse kinderwetskole vertoon in geheel gunstig, soos blyk uit Tabel 5.1 hieronder:

Tabel 5.1* Kwalifikasies van Doserende Personeel : Kinderwetskole : April 1984		
	Getal	%
D-Graad & Onderwysdiploma	1	0,3
M-Graad & Onderwysdiploma	12	3,1
Twee Honneursgrade & Onderwysdiploma	5	1,2
Honneursgraad & Onderwysdiploma	31	8,0
B-Graad & Onderwysdiploma	105	27,0
B-Graad	10	2,5
Onderwysdiploma	128	32,7
Ambagsopleiding & Onderwysdiploma	36	9,2
Ambagsopleiding	63	16,0
Totaal	391	100

Tabel 5.1 toon dat 164 onderwysers (42%) aan kinderwetskole minstens ge-graduateerd is, waarvan 10 (2,5%) nie oor 'n professionele kwalifikasie beskik nie. Slegs 73 personeellede (18,5%) beskik nie oor 'n onderwyskwalifikasie nie, waarvan 63 ambagsinstrukteurs is (16%).

Die vraagbriewe toon verder aan dat 65 van die 391 doserende personeellede aan kinderwetskole besig is met verdere studie, waarvan 1 voltyds aan 'n op-leidingsinrigting en 64 op deelttydse basis studeer.

* Tensy spesifiek anders vermeld, is alle gegewens van Tabel 5.1 en gegewens wat in die res van hierdie hoofstuk verstrekk word, verkry deur middel van vraagbriewe (kyk bylae B) wat aan alle skole wat by die ondersoek betrek is (bylae A), uitgestuur was. Alle vraagbriewe is behoorlik voltooid terug ontvang.

5.5.1.1 Die hoof

Onderwysbestuur in die Republiek van Suid-Afrika, soos in meeste lande in die Westerse wêreld, word hedendaags op drie vlakke bedryf wat onderskeibaar is, maar nie geskei kan word nie. Eerstens is daar die departementele bestuursvlak met die Minister van Nasionale Opvoeding aan die hoof. Dit staan bekend as *makrovlakbestuur*. Op die tweede vlak, *mesovlakbestuur*, kom die funksionering van plaaslike en streeksowerhede binne die struktuur van die onderwysstelsel ter sprake. Dit sluit in skoolrade, beheerrade en skoolkomitees, asook persone soos skoolinspekteurs en streekinspekteurs. Die derde vlak is bekend as die *mikrovlakbestuur*. Hier word die skool gesien as organisatoriese eenheid en dit behels die organisatoriese en bestuursrol van die hoof (Roets, 1981 : 1-2).

Die Departement vereis van hoofde van kinderskole minstens 'n toepaslike universiteitsgraad en onderwyskwalifikasie. 'n Graad in opvoedkunde word nog nie vereis nie, maar word reeds as 'n sterk aanbeveling beskou en die algemene verwagting bestaan reeds dat dit in die toekoms as vereiste gestel sal word.

Die hoof van die kinderskool word volgens die Kinderwet beskou as die wettige voog van al die kinders in sy skool vir so lank as wat hulle onder die bepalings van die wet ressorteer. Hy moet dan ook alle gewone ouerlike pligte teenoor die kinders nakom behalwe in die geval van toestemming tot 'n huwelik of lidmaatskap van die kerk wat nog die prerogatief van die ouer bly.

Die bestuurspligte van die hoof van die kinderskool is soos by alle skole professioneel sowel as administratief van aard. Omdat die skool alle lewensmiddele, insluitende klere, skoeisel, toiletbenodigdhede, sakgeld ens. aan leerlinge moet voorsien, is die administratiewe pligte van 'n hoof by 'n kinderskool verder uitgebrei as by 'n provinsiale skool. Beheer oor alle koshuise aan sy skool verbonde ressorteer ook onder die pligte van die skoolhoof by kinderskole.

Die bestuursrol van die skoolhoof is omvattend en stel in steeds toenemende mate eise aan die bestuursbekwaamheid van die bekleër. Wiles en Bondi

(1983 : 2) meen dat hoofde van ons dag en hoofde van die toekoms hulle moet voorberei op toenemende druk en uitdagings aan hulle leierskap: "Overall we can predict that the last two decades of this century will not be a continuation of the previous thirty-year period. From 1950 to 1980 schools and their educational leaders were concerned with growth and problems associated with expansion of educational endeavors. The next two decades by contrast will focus on the schools' adaption to new economic realities; the new realities will constrict educational practices and dramatically sharpen the value focus in our schools."

Soos in hoofstuk twee aangedui, het die kinderwetskool in die laaste dekade ingrypende veranderinge belewe met die gepaardgaande verandering met betrekking tot die hoof se bestuursfunksie. Reed (1982 : 6) is van mening dat sinvolle verandering in opvoeding en onderwys in ons skole; veranderinge om 'n gesonde, ondersteunende opvoedingsklimaat te skep waarin optimale geleenthede vir alle leerlinge geskep, gekoester en ontwikkel kan word, alleen moontlik is as daar uitstaande leiers aan die spits staan by skole. Leiers wat geskool is insake leerplanne en onderrigmetodes, toesig en evaluering, groepdinamika, konflikhantering, probleemoplossing, motivering, kommunikasie, besluitneming en skool/gemeenskapsverhoudings; wat hoë standaarde aan sy personeel stel en hoë verwagtings van hulle koester; wat ander kan inspireer om die beste te lewer waartoe hulle is staat is deur self sy beste aan die skool, personeel, leerlinge en gemeenskap te lewer.

Die pligte van die skoolhoof word bondig in ses hoofkomponente saamgevat deur Swartz (1979 : 5):

- Die hoof is die professionele leier van sy personeel en as sodanig 'n personeelontwikkelingsleier.
- Hy is die geestelike leier van die skoolgemeenskap, die toonaangewer, die standaardsteller ten opsigte van skoolideale en skoolwellewendheid. Hy is dus ook die godsdienstige leier van die skoolgemeenskap.
- Die skoolhoof is ook administratiewe hoof van sy skool en in hierdie hoedanigheid 'n kantoorbestuurder, 'n sakebestuurder sowel as 'n personeelbestuurder.

- Die hoof is gesagvoerder in sy skool – 'n rekenskapverantwoordelike handhawer van reëls en regulasies in sy skool – sy skool se advokaat sowel as regter.
- Die hoof is ook 'n jeugleier, want in sy hoedanigheid as professionele leier is hy ook die professionele vriend van sy leerlinge.
- Ten opsigte van openbare betrekkinge en skakeling na buite is die skoolhoof ook 'n gemeenskapsleier.

Die hoof van die kinderskool moet al die bogenoemde kwaliteite besit en al die funksies vervul en nog steeds in gedagte hou dat hy ook sy leerlinge se wettige voog is. Hy moet voortdurend in gedagte hou dat hy met sorgbehoewende kinders te make het wie se opvoeding en sosialisering iewers in die verlede skeefgetrek is of gebrekkig plaasgevind het. Sy beplanning moet dus tegelyk terapie en opvoeding as mikpunt hê, want hy is besig met 'n sosiopedagogiese taak; hy is besig om leerlinge voor te berei vir 'n selfstandige plek in die samelewing, aangesien baie van hulle geen ouerhuis het om na terug te gaan nie. Hy moet baie opvoedingswerk in sy programme insluit wat normaalweg deur die ouer gedoen word en baie besluite namens die ouer neem. Sy leerlinge moet begelei word tot selfstandigheid in die gemeenskap ná skool.

5.5.1.2 Beheerpersoneel

Tot 1981 het die beheerstruktuur by kinderskole bestaan uit 'n hoof en twee departementshoofde by seunskole en 'n hoof en een departementshoof by dogterskole.

Op aanbeveling van die Van Niekerkkommissie, wat ondersoek ingestel het na personeelvoorsiening by kinderskole, is in 1982 adjunkhoofde aangestel by veertien van die sewentien skole wat by hierdie ondersoek betrek is (D.N.O., Omsendminuut S4/3/3 nr. G van 11 Mei 1982). Slegs by die kleinste drie dogterskole met minder as honderd leerlinge is nie adjunkhoofposte ingestel nie.

In 1983 is die aantal departementshoofposte by kinderskole aansienlik uitgebrei. Die groter skole het vyf departementshoofde gekry en dan dalend volgens leerlingetalle tot by drie departementshoofde by die kleinste skole. Die dogterskole het vier departementshoofde by die groter skole gekry en dalend, soos by skole, tot twee poste by die klein skole (D.N.O. : Omsendminuut S4/3/3 nr. I van 12 Augustus 1983).

Met die instelling van die departementshoofpos "opvoedkundige leiding" het die sosiopedagogiese aspek van die opvoedkundige program by kinderskole 'n hupstootjie gekry. Hierdie pos behels die organisering en aanbieding van buite-kurrikulêre vakke en na-uurse programme. Giroux (1978 : 148) noem hierdie aspek "the hidden curriculum" en beklemtoon die belangrikheid daarvan soos volg: "What students learn in school is determined more from the hidden curriculum than from the official curriculum. The hidden curriculum here refers to those unstated norms, values and beliefs transmitted to students through the underlying structure of schooling, as opposed to the formally recognized and sanctioned dimensions of the schooling experience."

Die uitbreiding van beheerpersoneel aan kinderskole deur die Departement is allerweë deur skole verwelkom. Die beheerspan kan nou die onderrig sowel as administrasie van die skool ten bate van sy leerlinge met gemak behartig.

5.5.1.3 Doserende personeel

Aangesien personeel van kinderskole en personeel van provinsiale skole aan dieselfde opleidingsinrigtings studeer, is daar geen wesentlike verskil in opleiding nie. Die departementele "Studiekomitee wat ondersoek ingestel het na die doeltreffendheid van die bestaande opvoedkundige dienste wat kinderskole lewer" van 1983 (hierna genoem die "Studiekomitee, 1983) het bevind dat alhoewel daar geen verskil in akademiese en professionele opleiding is nie, daar wel verskille mag wees ten opsigte van die eise wat aan die onderwysers gestel word en in sy benadering van die leerling en sy probleme. Die onderwyser aan die kinderskool moet strenger dissipline toepas, maar daarmee saam ook tot groter simpatie en aanvaarding bereid wees; die kind moet as mens aanvaar word soos hy is, sonder om afkeurenswaardighede in sy

gedrag goed te keur. Behalwe sy pligte as akademiese onderwyser verteenwoordig hy ook 'n vader- of moederfiguur en is hy voortdurend besig met 'n sosialiseringstaak en sosiopedagogiese opvoeding oor 'n wye spektrum (D.N.O., 1983 : 31-32).

Onderwysers aan kinderskole is ook verplig om volgens die beurtstelsel na-ure toesigdiens en studiediens in die koshuise waar te neem. Ook gedurende vakansies is personeel om die beurt daaglik aan diens om die leerlinge wat, weens swak omstandighede tuis, nie kan huis toe gaan nie, by die skool op georganiseerde wyse te trakteer of op uitstappies te neem. Ook hierdie diens moet gesien word as deel van die sosiopedagogiese taak van die skool, aangesien die leerling onder toesig van die leerkrag leer hoe om by openbare plekke en byeenkomste op te tree.

Die studiekeomitee (D.N.O., 1983 : 31) het ook bevind dat dit 'n algemene verskynsel is dat onderwysers wat by kinderskole 'beland' en nie bereid is om meer as hul deel te doen nie, dit so onuithoudbaar vind dat hulle spoedig die tuig daar neerlê en na groener weivelde gaan soek.

Aan die negatiewe kant is bevind dat die onderwyser van die kinderskool met dieselfde opleiding as sy kollega van die provinsiale skool, as gevolg van die omvattender eise en opgawes van sy taak eintlik swakker toegerus is. Die studiekeomitee (D.N.O., 1983 : 37) beveel aan dat onderwysers wat reeds in diens is, aangemoedig word tot verdere studie, veral met betrekking tot die Diploma in Spesiale Onderwys wat sedert 1983 deur die Universiteit van Suid-Afrika aangebied word, en wat in 'n groot mate in die behoefte sal voorsien. Uit inligting uit die vraagbriewe verkry, blyk dat 65 onderwysers aan kinderskole tans besig is met privaatstudie, terwyl ses ingeskrewe studente is vir genoemde diploma.

5.5.1.4 Koshuispersoneel

Koshuispersoneel by kinderskole behels huisouers wat gewoonlik 'n woonstel aangrensend aan die koshuis bewoon, asook inwonende huismoeders en toesighoudende personeel wat in wooneenhede in dieselfde gebou as die leer-

linge woon. Hierdie personeel lewer 'n groot bydrae tot die sosiopedagogiese opvoeding van die kind in die kinderwetskool. Die kind is, met uitsondering van die voormiddae van die weksdae en die ure wat hy in die namiddae met skoolaktiwiteite besig is, aangewese om die res van sy tyd in die koshuis deur te bring — sy tuiste en plaasvervangende ouerhuis — ook oor naweke en in sommige gevalle ook gedurende vakansies.

Die verslag van die studiekomitee (D.N.O., 1983 : 31) beklemtoon die belangrikheid van die koshuis en sy personeel soos volg: "Die waarde van die kinderwetskoolkoshuis kan nooit oorskat word nie. Die personeel is bewus van die leerlinge se tekortkominge en skep 'n gunstige terapeutiese klimaat waarin ontluiking en funksionering ten beste kan plaasvind. Die leerlinge in die provinsiale skool ontvang sy geestestoerusting tuis. Hy beskik oor duidelike toekoms-ideale en -visie. Die kinderwetskoolleerling beskik nie oor hierdie mate van intensionaliteit nie en is daarvoor afhanklik van die personeel. Hier moet sy toekoms-ideale in ooreenstemming met sy potensiaal gebring en ontwikkel word."

5.5.1.5 Administratiewe personeel

Die toewysing van administratiewe personeel aan kinderwetskole vergelyk gunstig met die toewysings by ander skole. Die administratiewe taak is egter van so 'n omvang dat die studiekomitee (D.N.O., 1983 : 38) bevind het dat die administratiewe personeel soos hulle tans funksioneer, nie voldoende hulp aan die hoof kan verleen om hom in staat te stel om reg te laat geskied aan sy professionele taak nie. Die komitee beveel aan dat die struktuur van administratiewe personeel by kinderwetskole uitgebrei word deur die toevoeging van 'n Beheer Administratiewe Beampte en dat die bestaande poste in rang opgegradeer word. Hierdie is 'n welkome stap in die regte rigting om die hoof in staat te stel om sy pligte na behore uit te voer.

Administratiewe personeel by kinderwetskole het beslis ook 'n plek in die span van opvoedkundiges. Hulle is op stuk van sake die mense wat verantwoordelik is vir die daargestelling van lewensmiddele wat nodig is vir die fisiese versorging van die leerling. As voorbeeld kan genoem word die klerk wat behulpzaam is met

vakansiereëlings van die leerlinge; wat hulle treinbesprekings doen, hulle kaartjies voorsien en hul departementele sakgeld uitbetaal; of die voorradebeampte wat klere uitreik, veral as hy die kind leiding gee en binne perke die leerling 'n keuse toelaat met betrekking tot na-uurse drag en persoonlike benodigdhede – wat algemene gebruik is by kinderwetskole.

Funksies soos bogenoemde stel die administratiewe personeellede in 'n noue sosiopedagogiese kontaksituasie met die leerlinge en bied hulle geleentheid om ook 'n deel by te dra tot die sosiale vorming van die sorgbehoewende leerling.

5.5.1.6 Opvoedkundige hulpdienspersoneel

Die uitbreiding van opvoedkundige hulpdienste by kinderwetskole is reeds in hoofstuk twee bespreek (kyk par. 2.7.3). Die leerlinge wat tot 'n kinderwetskool toegelaat word, is 'n heterogene groep ten opsigte van taal, skolastiese peil, verstandelike vermoë, gedragsprobleme en selfs kultuuragtergrond en herkoms. Gesien in die lig hiervan is dit duidelik waarom die studiekomitee van 1983 aanbevelings doen vir verdere uitbreiding van die opvoedkundige hulpdiens by kinderwetskole om in die bestaande behoeftes behoorlik te kan voorsien. In sy verslag noem die komitee (p. 61) dat die Departement reeds besig is om self intern sielkundiges vir sy diens op te lei en dat een skool reeds geakkrediteer kon word vir sulke opleiding. Verder word aanbeveel (p. 62) dat die eerste pos in die sielkundige afdeling wat by enige skool ingestel word, dié van Senior Skoolsielkundige moet wees om sodoende ten volle toegeruste beamptes vir die diens te verseker.

Die taak van die sielkundige personeel is om persoonlikheids-, gedrags- en algemene aanpassingsprobleme by individuele leerlinge te identifiseer en dit te behandel deur middel van individuele of groepterapie. Gereelde same-sprekings word met die res van die doserende sowel as koshuispersoneel gehou, waar sielkundiges die personeel inlig oor persoonlike agtergrondprobleme van individuele leerlinge in soverre dit vir die personeel van belang is om hulle te help om beter met die kind te kan kommunikeer in die koshuis en in die klas-kamer.

'n Verdere taak van skoolsielkundiges is om deur middel van toetsing vas te stel wat die verstandspeil van die leerling is en of die kind op peil presteer. Indien nie, moet getrag word om vas te stel wat die oorsaak is en wat gedoen kan word om die probleem reg te stel.

Die tweede komponent van die opvoedkundige hulpdienste is die remediërende onderwys. Die ortodidaktikus is 'n onderwyser met spesiale opleiding en wanneer 'n kind na hom verwys word, sal hy gespesialiseerde hulp verskaf met betrekking tot die kind se leerprobleem (Kruger, 1977 : 57). Onderprestering kom algemeen voor by leerlinge aan kinderskole. As so 'n leerling dan deur remediëring gehelp word om die probleem te oorkom, en sodoende in lyn te kom met sy klasmaats, beteken dit baie vir sy selfbeeld en selfvertroue en bring dit hom op 'n vlak waar hy opgewasse voel vir take wat aan hom opgedra word.

Die poste vir ortodidaktici is in 1983 by alle kinderskole ingestel en hierdie hulpdiens lewer 'n belangrike bydrae tot akademiese onderrig, persoonlikheidsontwikkeling, en sosialisering in die algemeen.

In 1983 is die pos van verpleegkundige tot die diensstaat van alle kinderskole toegevoeg. Die kind word meestal tot die kinderskool toegelaat op 'n stadium wanneer die liggaamsgroei nog in volle gang is. By baie leerlinge is daar ook duidelike tekens van mediese verwaarloosing by toelating. Afsien van mediese verslae wat by toelating ontvang word, is dit nodig dat die leerling so gou as moontlik aan 'n mediese ondersoek onderwerp word wat ook 'n ondersoek van die tande en oë deur kundige persone moet insluit. Die reël van hierdie ondersoeke by die distriksgeneesheer, tandarts, ens. is die verantwoordelikheid van die verpleegkundige. In medewerking met die huismoeders is die verpleegkundige verder verantwoordelik vir die algemene gesondheidsversorging van die leerlinge; dit wil sê vir die aspekte waar die dienste van 'n geneesheer nie nodig is nie. Deeglike mediese versorging is noodsaaklik vir verdere opvoeding van die leerling en die aankweek van higiëniese en gesondheidsgewoontes vorm deel van die sosiopedagogiese opvoeding (D.N.O., 1982 : 2-3).

Die studiekomitee (D.N.O., 1983 : 65) beveel aan dat oorweging geskenk moet word aan die oprigting van lokale by skole wat as 'n kliniek vir medici, die tandarts en die verpleegkundige kan dien. By skole waar daar reeds herbeplannings gedoen is, is sulke lokale reeds ingesluit en die verwagting is dat dit so spoedig moontlik opgerig sal word.

5.5.2 Aanbiedinge van die kinderskool

In die volgende paragrafe sal gekyk word na wat die kinderskool die sorg-behoewende kind bied en hoe die aanbiedinge onder meer 'n bydrae lewer tot die voorbereiding vir sy toekomstige plek in die breër samelewing na skool.

5.5.2.1 *Akademiese studierigting*

Die gewone kursus tot die vlak van Senior Sertifikaat word tans deur drie meisieskole en twee seunskole aangebied. Die Senior Sertifikaat in die praktiese kursus word deur een seunskool en een meisieskool aangebied. Die gewone kursus tot st. 8 word deur drie meisieskole en drie seunskole aangebied. Die oorblywende drie skole bied spesiale kursusse aan.

Deur die leerling akademies te onderrig word sy kognitiewe ontwikkeling gestimuleer en word hy voorberei, indien hy oor die intellektuele vermoë beskik, om na st. 10 verdere onderrig op eie verantwoordelikheid by hoër onderwysinrigtings te ontvang. Indien hy nie in staat is om verder te studeer nie, is hy minstens tot sy persoonlike maksimum voorberei vir 'n betrekking in die samelewing.

5.5.2.2 *Beroepsgerigte studiekursusse*

Die handelskursus word by drie meisieskole en twee seunskole tot op Senior Sertifikaatvlak aangebied. Daar is ook twee meisieskole wat die kursus tot st. 8 aanbied. 'n Huishoudkundige studiekursus word by ses van die meisieskole aangebied; by drie tot st. 10 en by drie tot st. 8. Al die seunskole bied 'n tegniese studierigting aan, vier waarvan tot st. 10.

Deur die leerling vir 'n spesifieke beroep voor te berei word die verwagting van sekuriteit na skool by hom gewek en word sy selfvertroue en selfbeeld positief uitgebou. Die leerling besef sy eie waarde en die sin van sy bestaan as hy weet hy word bekwaam vir 'n spesifieke taak wat vir hom ekonomiese selfstandigheid sal bring as hy die samelewing moet betree na voltooiing van sy opleiding.

5.5.2.3 Spesiale kursusse

By vyf seunskole word 'n spesiale kursus in 'n tegniese studierigting aangebied en by vier meisieskole 'n spesiale kursus in 'n huishoudkundige studierigting. Die spesiale kursusse is bedoel vir die swakbegaafde leerlinge en dien 'n besondere doel, naamlik om hierdie leerlinge tot die besef te bring dat hulle nie verlore is nie, maar dat sukses ook binne hulle bereik geplaas word. Dit laat hulle hulle eie menswaardigheid en nuttigheid besef en bring selfvertroue en 'n gevoel van sekuriteit mee.

5.5.2.4 Nie-eksamenvakke

Bybelonderrig, Jeugweerbaarheid en Voorligting (wat ook beroepsgerig is) word by alle kinderwetskole aangebied en is in die voorgeskrewe kurrikulumingesluit.

Die doel met godsdiensonderrig as 'n nie-eksamenvak is voor-die-hand-liggend, maar vir die kind in die kinderwetskool is dit van besondere belang aangesien die meeste van hulle uit huise kom waar godsdien geen regmatige plek gehad het nie (in hoofstuk drie par. 3.4.2 is navorsing aangehaal wat hierdie bewering staaf). Bybelkennis wat in die skool opgedoen word tesame met kategetiese onderrig deur die kerk en die werk wat in A.C.S.V.-kringe by die skool gedoen word, vorm die religieuse en normatiewe opvoeding van die kind in die kinderwetskool – dié opvoeding wat tuis agterweë gebly het.

Die onderrig in jeugweerbaarheid is ewe noodsaaklik vir die sosiopedagogiese vorming van die kind. Potgieter (1977 : 11) beskryf jeugweerbaarheid as die geestelike wapentoerusting wat die jeug in die opvoedingsiklus moet ontvang om hulle weerbaar te maak en te staal vir die uitdagings, versoekings en karakter-

eise van die samelewing; sowel as teen die aanslag van die kommunisme wat sedert die sestigerjare veral gemik is teen die studerende Westerse jeug.

Die derde nie-eksamenvak wat onontbeerlik is in die opvoedingsprogram van die pedagogies verwaarloosde leerling in die kinderwetskool is Voorligting, met minstens persoonlikheidsvoorligting, beroepsvoorligting en opvoedkundige voorligting as komponente. Persoonlikheidsvoorligting het veral ten doel om te voorsien in die basiese behoeftes van die adolessent (kind) soos in hoofstuk vier bespreek; behoeftes soos selfaanvaarding, die behoefte om te groei in sosiale verhoudings, om te behoort en aanvaar te word, die behoefte aan onafhanklikheid en verantwoordelikheid, sekuriteit en geestelike verankertheid. Persoonlike voorligting kan dus gesien word as geesteshigiëne wat toegespits is op gebalanseerde aanpassing en uitloop op geestelike vorming (Kruger, 1974 : 2).

Beroepsvoorligting is daardie afdeling van Voorligting wat te make het met die kind se toekoms en help onder andere die kind om begrip en kennis te kry van:

- verskillende beroepe en die eise daaraan verbonde
- nie-beroepsrolle soos gesinsfunksies en -verantwoordelikhede
- opvoedkundige geleenthede en sy eie potensiaal met betrekking tot hierdie geleenthede.

Dit moet ook die leerling daartoe in staat stel om sy eie moontlikhede te ken en dit in verband te bring met bogenoemde aspekte, doelmatige keuses te maak en die oorgang van skool na beroepswêreld te bemeester (Kruger, 1975 : 5).

Met opvoedkundige voorligting word verwys na sake van skolastiese belang soos studiemetodes, gereelde studie-ure, vakkeuses ens. wat tot 'n groot mate ooreenstem met beroepsvoorligting.

Die nie-eksamenvakke wat voorgeskryf is by die kinderwetskool is in die algemene spreektaal bekend as die algemeen-vormende vakke en die waarde van hierdie vakke vir die sosiopedagogiese vorming van die pedagogies verwaarloosde kind kan moeilik oorskat word. Dit is waarskynlik die rede waarom dit gebruiklik geword het in kinderwetskole dat skoolsielkundiges Voorligting as vak aanbied.

5.5.2.5 Die na-uurse program

Die sosiopedagogiese waarde en belangrikheid van die na-uurse program ten opsigte van sport, kulturele bedrywighede en vryetydsbesteding vir die sosialisering van die pedagogies verwaarloosde leerling, word allerweë besef en in toenemende mate beklemtoon. Die studiekomitee (D.N.O., 1983 : 48–49) het 'n aantal probleme wat ondervind word met betrekking tot die doeltreffende uitvoering van die na-uurse program by kinderskole aan die Departement uitgewys en die volgende aanbeveling gedoen: "Die komitee beveel aan dat genoegsame fondse vir 'n buite-kurrikulêre program bewillig word en dat die Departement ernstige oorweging daaraan moet skenk om op elke skool se diensstaat 'n pos van organiseerder of departementshoof vir buite-kurrikulêre opvoeding in te stel." (kyk ook par. 5.5.1.2).

(a) *Georganiseerde Sport.* Vir die doeleindes van hierdie bespreking word die aktiwiteite van die liggaamlike opvoedingsperiodes gedurende skoolure ingesluit as deel van georganiseerde sport. Dit is belangrik dat alle leerlinge wat fisies geskik is daarvoor, by liggaamlike opvoeding en spansport betrek word. Daar word by al die skole 'n verskeidenheid van sportsoorte aangebied om sover moontlik voorsiening te maak vir alle leerlinge om te kan deelneem aan een of meer winter- en somersportsoorte.

— *Seunskole:* Rugby, krieket, swem en atletiek word by alle seunskole aangebied. Met betrekking tot eersgenoemde twee sportsoorte neem al die skole aan provinsiale ligakompetisies deel. Ses van die agt skole bied tennis aan waarvan drie skole aan ligawedstryde deelneem. By twee skole word sokker en by twee skole rolbal aangebied, maar nie op ligavlak nie.

— *Meisieskole:* Netbal, tennis, swem en atletiek word deur al die meisieskole aangebied. Met betrekking tot netbal en tennis neem al die skole aan provinsiale ligakompetisies deel. Ses skole bied hokkie aan waarvan drie ligavlak. Twee skole bied ringtennis aan, drie skole pluimbal en slegs een skool vlugbal aan.

Die sosiopedagogiese waarde van sport op byna alle vlakke van opvoeding, selfs in volwassenheid, staan bo alle twyfel. Weyers en Bester (1982 :78) meen dat sport 'n heilsame uitwerking het op geestesgesondheid en dat sportlui beter sosiaal aanpas en groter emosionele stabiliteit vertoon as nie-deelnemers aan sport. Sportdeelname lewer 'n terapeutiese bydrae tot:

- 'n positiewe selfkonsep en selfvertroue;
- sosiale aanpassing en die beeld van die persoon in sosiale omgang;
- 'n sosiaal aanvaarbare uitlaatklep vir aggressiewe neigings;
- selfaktualisering;
- akademiese prestasie; en
- samewerking en lojaliteit.

Afgesien van die waarde van sport vir geestesontwikkeling is sport noodsaaklik vir die adolessent (kind) se liggaam om fisies normaal te groei en te ontwikkel.

(b) Kulturele aanbiedinge. Uit gesprekke met skoolhoofde en onderwysbeplanners wat skole gereeld besoek, het geblyk dat die aanbieding van verskeidenheidskonserte, kooruitvoerings, operettes, feesprogramme op nasionale gedenkdae en gewyde koorsang by eredienste en kerssanguitvoerings algemeen gewild is by die kinderwetskole en dat die opvoedkundige waarde daarvan allerweë beseef word.

- *Volkspele:* By drie van die meisieskole en een seunskool bestaan volkspelelaers en al vier laers hou ook kuieraande saam met laers van provinsiale skole. Die vernaamste rede waarom daar nie by die ander skole volkspele beoefen word nie, is omdat die skole op die afsonderlike dorpe slegs een geslag kinders verteenwoordig.

Volkspele is 'n kultuurerfenis in die ware sin van die woord en die skool wat dit kan aanbied, is bevoorreg. Dit beteken baie vir die adolessent omdat dit op hierdie kritieke leeftyd fase, waar die kind 'n behoefte voel om met die teenoorgestelde geslag kontak te maak, maar tog ook onseker is in sy pogings, 'n stimulus bied vir 'n gesonde seun/dogter verhouding. Volkspele is ook 'n voortsetting van 'n Afrikanertradisie en hou terselfdertyd normatiewe

ontwikkelings- en sosialiseringswaarde vir die pedagogies verwaarloosde kind in.

- *Kadette:* Sewe van die agt seunskole wat by die ondersoek betrek was, beskik oor 'n kadetafdeling. Al sewe skole se seuns ontvang drilinstruksie sowel as opleiding in die skietkuns en neem deel aan provinsiale dril- en skietkompetisies.

Nie alleen maak die seuns deur middel van hierdie opleiding vroeg in hul lewe kennis met die voortreflike dissipline waarvoor die weermag alom bekend is nie, maar word hulle ook voorberei vir nasionale diensplig wat normaalweg direk na skool volg. Die klem op netheid van die persoon en van die afdeling, die streng dissipline en oefening in spanwerk by kadetopleiding dra ruim by tot die sosiopedagogiese vorming van die seuns.

- *Trompoppies:* Vir die huidige is daar slegs een meisieskool wat oor 'n trompoppiegroep beskik. Die rede hiervoor is waarskynlik die hoë koste verbonde aan die uitrustings van die dogters wat deur die skool self voorsien moet word. 'n Verdere beswaar is dat slegs 'n groepie uitgesoekte dogters daaraan kan deelneem.

Dat deelname aan trompoppie-aktiwiteite vir die dogter baie opvoedingsvoordele inhou, is egter onbetwisbaar. Dit bevorder selftrots, dissipline, soepelheid en grasia in liggaamshouding en die saamwerk-in-'n-span wat positief bydra tot sosiopedagogiese ontwikkeling.

(c) Religieuse program

- *Godsdiensoonderrig:* Religieuse onderrig geniet hoë prioriteit in kinderskole om redes wat reeds in hoofstukke drie en vier bespreek is (kyk paragrawe 3.4.2 en 4.3.6). Vroeër in hierdie hoofstuk is die Bybelonderrig in die klaskamer volgens leerplan bespreek. Dit is ook gebruiklik by kinderskole om minstens een keer per week 'n gesamentlike godsdiensoefening vir al die leerlinge en al die personeel in die skoolsaal te hou wat deur die hoof, 'n senior personeellid of 'n plaaslike predikant gelei word. Verder

woon alle leerlinge by alle kinderskole minstens een ere-diens op Sondag by die kerk van hulle ouers se keuse by, indien prakties moontlik. Enkele skole laat hulle senior leerlinge die aandienste ook bywoon.

- *Kategetiese onderrig:* Kategetiese onderrig is vir die kinderskoolleerlinge baie noodsaaklik, aangesien die meeste van hulle hierdie fundamentele onderrig vir die eerste keer ontvang nadat hulle tot die kinderskool toegelaat is (kyk par. 3.4.2.1 en 3.4.2.2). Die leerlinge wat egter reeds kategetiese onderrig ontvang het voor toelating tot die skool word in senior klasse geplaas en kan dan gouer belydenis van geloof aflê as die ander. Dit gebeur egter dikwels dat leerlinge wat kategetiese onderrig in die skool begin, al weer uitgeplaas word voordat belydenis van geloof afgelê is.
- *Afrikaanse Christelike Studentevereniging:* By twaalf van die sewentien skole wat by die ondersoek betrek is, bestaan daar takke van die Afrikaanse Christelike Studentevereniging. Al die takke vergader een keer per week. By agt van die takke tree onderwysers as kringleiers op en die ander vier takke by die hoërskole maak gebruik van senior leerlinge om die vergaderings te lei. Lidmaatskap is vrywillig en volgens hoofde word die A.C.S.V.-takke goed ondersteun.

Die doel van die Vereniging is Bybelstudie en die bevordering en uitbouing van christenskap onder jongmense. Die werk wat binne die intieme christelike atmosfeer van die A.C.S.V.-kringe gedoen word, is heilsaam vir die godsdienstig gedepriveerde jeugdiges in die kinderskool.

5.5.2.6 Inskakeling van leerlinge in beheerstruktuur

Met die uitsondering van een spesiale skool wat nie oor 'n leerlingraad beskik nie, kry die leerlinge by al die ander skole 'n geringe mate van inspraak in die besluitnemingsproses by skoolaangeleenthede deur middel van leerlingrade en koshuiskomitees:

- (a) *Hoofseun/Hoofmeisie.* Alle onderhawige skole beskik oor 'n hoofseun/hofmeisie na gelang van die geslag van leerlinge wat in die skool verteenwoor-

dig is. Die hoofprefek tree op as leier van die leerlingraad en vervul toesig-houdende pligte in die skool en op die skoolterrein wanneer onderwysers nie teenwoordig is nie. Verder dien hierdie leerling as skakel tussen leerlinge en die beheerpersoneel van die skool. Die hoofprefek word deur middel van hoofdelike stemming deur leerlinge en personeel gesamentlik verkies.

(b) *Koshuiskomitees.* Die leerlinge van elke koshuis kies 'n aantal koshuisleiers sowel as 'n hoofleier, wat dan 'n koshuiskomitee vorm met die huismoeder/vader as sameroeper en in raadgewende hoedanigheid. Die aantal leiers word bepaal deur die aantal leerlinge wat in die koshuis inwoon. Die hoofleier verteenwoordig die koshuis op die leerlingraad.

(c) *Leerlingrade.* Die hoofleiers van die verskillende koshuise, die hoofseun/dogter en addisionele lede wat op dieselfde wyse as die hoofseun/dogter verkies word, vorm die leerlingraad. By vier hoërskole tree die hoofseun/dogter as voorsitter van die leerlingraad op met 'n onderwyser teenwoordig in raadgewende hoedanigheid. By die res van die skole tree 'n voogonderwyser van die leerlingraad, wat deur die skoolhoof aangestel word, op as voorsitter van die leerlingraad.

Besluite aangaande interne koshuissake word deurgevoer deur die koshuisleier na die leerlingraad. Besluite wat die leerlinge en skoolorganisasie raak, word deur die voogonderwyser aan die hoof voorgelê vir finale oorweging.

Die deelname van leerlinge aan die besluitnemingsproses, soos in die voorafgaande paragrawe uiteengesit, dien die demokratiese beginsel in opvoeding en gee aan die leerlinge 'n inspraak, hoe beperk ook al, in die organisasie van hulle eie sake. Dit bied verder die geleentheid aan leerlinge met leiereienskappe om leierskap uit te leef wat in sy latere lewe in die gemeenskap van groot betekenis kan wees.

5.5.2.7 Inskakeling by gemeenskapslewe

(a) *Bywoning van gemeenskapsaanbiedinge.* Uit die antwoorde op die vraag in hierdie verband in die vraagbriewe was dit duidelik dat skole alles in hulle

vermoë doen om leerlinge nie geïsoleerd by die skole op te voed nie, maar hulle so veel as moontlik te laat inskakel by die plaaslike gemeenskap. Die meeste skole laat hulle leerlinge toe om die dorp te besoek om inkopies te doen ten spyte van die feit dat hulle self snoepwinkels bedryf. Leerlinge word ook toegelaat om konserte, bioskope, feesverrigtinge en 'n verskeidenheid ander funksies in die gemeenskap by te woon onder toesig van 'n onderwyser. Prefekte en leerlinge wat goeie gedrag lewer, word wel toegelaat om sonder onderwyser-begeleiding funksies in die dorp by te woon.

(b) Deelname aan gemeenskapsfunksies. Alle skole laat hulle leerlinge toe om, waar moontlik, hulp te verleen by gemeenskapsfunksies. Die dogters se dienslewering staan meestal in verband met bediening by kerkbasaars, huweliks-onthale, spyseniering by sportbyeenkomste en landboutentoonstellings, en hulle lewer diens by waterpunte tydens maratonwedlope; om slegs enkele voorbeelde te noem. Seuns help gewoonlik by skyfskietkompetisies, tree as joggies op by golfkompetisies, wys plekke aan by bioskope en opvoerings ens. Alhoewel hoofde nooit eens oorweging daaraan sal gee om leerlinge se dienste te verhuur nie, gebeur dit selde dat die betrokke instansies nie die leerlinge vergoed en/of 'n skenking aan die skoolfonds maak nie.

(c) Kerkjeugverenigings. By sewe van die meisieskole word senior leerlinge toegelaat om aan kerkjeugverenigings te behoort en byeenkomste saam met dorpskoliere by te woon. Van die agt seunskole is ses skole se senior leerlinge lede van kerkjeugverenigings en woon ook die byeenkomste saam met dorpsleerlinge by, terwyl die ander twee skole se leerlinge slegs byeenkomste op spesiale uitnodiging bywoon.

(d) Naweek- en vakansieplasings. Leerlinge wat nie gedurende vakansies na hulle eie ouerhuise kan gaan nie (enkeles het nie meer ouerhuise nie) word in samewerking met verantwoordelike welsynwerkers by familieledes of vriende van die gesin vir die vakansie geplaas. Dit het al gebruiklik geword om na hierdie welwillende mense as "vakansie-ouers" te verwys. Dieselfde prosedure word gevolg ten opsigte van leerlinge wat nie gedurende uitnaweke kan huis toe gaan nie, maar die reëling is meestal beperk tot "naweekouers" in of naby die betrokke dorp.

(e) *Vakansie-ontspanningsprogramme.* Dit gebeur selde of nooit dat 'n skool se leerlinge almal vir die duur van skoolvakansies kan huis toe gaan. Die Departement stel fondse beskikbaar om die leerlinge wat in die koshuis moet bly op spesiale wyse te trakteer. Daar bly ook elke vakansie koshuis- sowel as onderwyspersoneel, na gelang van die aantal kinders wat agterbly, aan diens; die koshuispersoneel om die kinders te versorg en onderwyspersoneel om die leerlinge daaglik so veel as moontlik uit te neem op uitstappies, picknicks, besoeke aan bioskope en opvoerings, openbare swembaddens en so meer. Funksies saam met die agterblywendes van buurskole word gereël. Alle skole beskik oor staatsvoertuie wat sulke reëlins vergemaklik. Welwillendheid en hulp word ruim ontvang van instansies in die dorpsgemeenskappe asook van kerke en individuele persone. So word daar al vir die afgelope aantal jare elke jaar deur die Rotariërklub van Standerton 'n week gratis verblyf op Badplaas-ontspanningsoord vir elk van die drie kinderskole op die dorp gereël gedurende die koue wintervakansie.

Al die pogings van die skool om sy leerlinge te laat inskakel by die breër gemeenskap, soos in par. 5.5.2.7 hierbo beskryf, het ten doel die sosiopedagogiese opvoeding van die kinderskoolkind. Dit vorm deel van die sosialisering van die kind wat 'n brug moet daarstel van skool na samelewing.

5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die sosiopedagogiese taak van die kinderskool, 'n ten volle verantwoordelike versorgingsinrigting, in konteks met die doelstellings van die skool bespreek. Die skool het die taak om 'n sosialiseringsbrug vir die kind tussen die ouerhuis met swak opvoedingsmilieu, en die breër gemeenskap ná skool te bou.

Die kinderskool as sosiopedagogiese opset, hou vir die pedagogies verwaarloosde leerling vele versorgings- en sosialiseringsvoordele in, maar ook nadele waarvan die inboet van individualiteit die vernaamste is.

Daar is gekyk na die omvattende taak van die hoof en beheerpersoneel, die doserende personeel, die koshuispersoneel en die administratiewe personeel;

'n heterogene span met 'n gemeenskaplike doelwit, naamlik doeltreffende administrasie van die skool, en versorging en onderrig van die sorgbehoewende leerling.

Die einddoel van die skool is om 'n leerling wat as 'n sorgbehoewende opgeneem is, uit te plaas in die samelewing as 'n goed versorgde, sosiaal aangepaste en geestelik toegeruste jeugdige.

Die aanbiedinge van die kinderskool, kurrikulêr sowel as buite-kurrikulêr, is daarop ingestel om die sosiopedagogies gedepreiveerde leerling te vergesel op sy pad na onafhanklikheid in die samelewing ná skool. Besondere klem word gelê op georganiseerde na-uurse programme in sport, kulturele bedrywighede en gesonde ontspanning as deel van sosiopedagogiese opvoeding.

Inskakeling by die dorpsgemeenskap en dienslewering in die gemeenskap lewer 'n besondere bydrae ter bereiking van die uiteindelijke doelwit van die skool.

In hoofstuk ses sal 'n volledige omskrywing van die empiriese ondersoek gegee word.